Skaaptelersgenootskap van SA
Sheep Breeders' Society of SA

Nature's Moneymaker
Geld uit die veld

Meatmaster

NUUSBRIEF
NEWSLETTER
APRIL 2018

INHOUD:

- Veilings
- Belangrike besluite geneem tydens Raadsvergadering
- Gebeure om na uit te sien
- Lief en leed

Tel: 051 4100 900/55 | Fax: 051 448 4220 | epos: sonja@stemma.co.za
Posbus 1060 | Bloemfontein | 9300
www.meatmastersa.co.za

VEILINGS

- **SENTRALE KAROO MEATMASTER VEILING TE DRIE SUSTERS 08/02/2018**

Daar word 392 ooie aangebied waarvan 281 verkoop vir ‘n gem van R2 360.
Daar word 40 ramme aangebied waarvan al 40 verkoop vir ‘n gem van R9 250.
Die duurste ram word verkoop deur Stephan Kirsten vir R22 000 aan Black Wood Farming van Middelburg.
Hierdie veiling is deur BKB Paarl aangebied.

- **COLLETT FARMING MEATMASTER PRODUKSIE VEILING TE BETHULIE 22/02/2018**

Clynton Collett en Mario du Preez se jaarlikse produksie veiling word deur OVK CMW aangebied.
Daar word 78 kommersiële ooie aangebied waarvan al 78 verkoop vir ‘n gemiddeld van R1 320.
Daar word 152 stoet ooie aangebied waarvan al 152 verkoop vir ‘n gemiddeld van R4 270.
Daar word 3 ooie met lammers aangebied waarvan al 3 verkoop vir ‘n gemiddeld van R4 166.
Daar word 91 ramme aangebied waarvan 81 verkoop vir ‘n gemiddeld van R10 525.
Die duurste ram en ooi is verkoop aan Christo Grobler van Didymus Meatmasters vir onderskeidelik R50 000 en R32 000. Die ram staan bekend as Majesty.

- **OSVLEY MEATMASTERS PRODUKSIE VEILING TE LOERIESFONTEIN 23/02/2018**

Baie geluk aan Henk Kearney van Osvley Meatmasters wat tydens sy jaarlikse produksie veiling 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord vir 'n Meatmasterram sowel as ‘n Meatmasterooi opgestel het. Mnr. Bonus Nel van Omega Meatmasters van Gochas in Namibië het R395 000 vir die ram betaal. Die ram staan bekend as Smokie. Mnr. Johnny Hanekom van Hanekom Boerdery in Namibië het die ooi met ‘n ramlam van Smokie gekoop vir R80 000. Daar word 54 ramme verkoop teen 'n gemiddeld van R19 240 en 122 ooie teen 'n gemiddeld van R4 738.

Baie geluk aan KLK se stoetvee-span nl. Dawid Nel en Stiaan von Wielligh met die suksesvolle veiling.

- **STERKFONTEIN - & DIRK STEENKAMP MEATMASTER VEILING TE UPINGTON 08/03/2018**

Willem van den Berg van Sterkfontein Meatmasters van Wepener bied 36 ooie aan wat verkoop vir ‘n gemiddeld van R2 975. Hy bied ook 25 ramme aan wat verkoop vir ‘n gemiddeld van R8 600.

Dirk Steenkamp bied 29 ooie aan wat verkoop vir ‘n gemiddeld van R1 965 en 11 ramme wat verkoop vir ‘n gemiddeld van R4 290.

Die hoogste prys vir ‘n ram was R17 000 en vir die ooi was R4 200, albei verkoop deur Willem van den Berg.
Die veiling word deur KLK aangebied.

- **THE GREAT OUT OF AFRICA MEATMASTER VEILING TE PARYS 10/03/2018**

Dit was die tweede jaar wat hierdie veiling aangebied word by die Afri Dome in Parys.
Daar word 255 ooie aangebied waarvan al 255 verkoop.
Ooie met lammers behaal ‘n gemiddeld van R6 100.
Dragtige ooie verkoop vir R5 206 gemiddeld en oop ooie vir R4 388 gemiddeld.
Daar word 15 ramme aangebied waarvan 13 verkoop is vir ‘n gemiddeld van R18 346.
Die duurste ram word deur Johnny Morrison van Mohimba Meatmasters verkoop vir R75 000. Die koper was mnr. Riaan Liebenberg van Hanri Meatmasters van Upington.
Die duurste ooi is verkoop deur mnr. Barry Mackay vir R14 000. Die koper was mnr. Jean du Plessis van Elandsnek Meatmasters van Hopetown.

RAADSVERGADERING GEHOU TE HOPETOWN

Die Raad moedig alle lede aan om diere so spoedig moontlik op rekord by SA Stamboek te bring aangesien die afsny datum die 30ste April 2018 is. Van die 1ste Mei 2018 sal slegs hulpstamboek A diere opgeneem word. Indien u onseker is of vrae het kan u enige Raadslid kontak vir hulp.

Alle diere wat onder die beskerming van die Genootskap op veilings aangebied word moet duidelik gemerk wees. Diere moet geplaat en getatoeër wees met die teler se kudde kenmerk letters, jaartal en ‘n volg nommer. Diere wat nie korrek gemerk is nie sal nie onder beskerming van die Genootskap aangebied word nie, maar slegs as kommersiële diere.

Die Raad nooi alle lede uit om die kursusse by te woon om sodoende op hoogte te bly met die ontwikkeling van die ras. Deur kususse by te woon sal die ontwikkeling van die ras verseker word. Daar bestaan drie kursusse nl. Die Beginners kursus, die Junior kursus en die Senior kursus. Indien ‘n persoon al hierdie kursusse voltooi en geslaag het sal die persoon genomineer word as ‘n inspekteur vir die ras. ‘n Genomineerde inspekteur moet ‘n inspekteurs saamtrek bywoon, bystaan met die Nasionale veilings keuring en help met die aanbied van ‘n kursus. Slegs nadat hierdie vereistes suksesvol nagekom en voltooi is sal die persoon deur die Raad aangewys word as ‘n inspekteur.

Die Raad voel dat dit in belang van die ras is om alle inspekeurs te evalueer tydens die opkomende keurders saamtrek te La Rochelle Bethulie. Daarom nooi die Raad alle genomineerdes sowel as bestaande inspekteurs uit om die saamtrek by te woon.

Slegs sterk ramlammers sal by vanjaar se Nasionale veiling toegelaat word. Ramlammers sal saam met die tweetand ramme gekeur word. Die raad verwys die besluit om geen ramlammers op die Nasionale veiling aan te bied nie na die AJV 2018.

DATUMS OM TE MERK

- 3de MEI 2018 – KAROO KALAHARI PRODUKSIE VEILING TE UPINGTON
- 15 – 18 MEI 2018 – MEATMASTER UITSTALLING TYDENS NAMPO
- 23ste MEI 2018 – BOESMANLAND VELDRAM KLUB VEILING TE KENHARDT
- 25ste MEI 2018 – NOORDWES MEATMASTER VEILING TE KLERKSDORP
- 2de JUNIE 2018 – TRANSVELD MEATMASTER KLUB INLIGTINGSDAG EN ROADSHOW TE SARWIPI MEATMASTERS GREYLINGSTAD MPUMALANGA.
  KONTAK PERSOON: SARIE PIETERSE 082 903 4336
- 8ste JUNIE 2018 – MEDALLION & PAARDEKRAAL MEATMASTERS PRODUKSIE VEILING TE WILLISTON

LIEF EN LEED

Ons moes vanjaar afskeid neem van ‘n baie bekende in die Meatmaster kringe. Dit is met groot hartseer dat ons op die 29ste Januarie 2018 vir Johannes Swiegers moes groet. Hy sal altyd onthou word vir die insette by Hopetown skou en aanbieding van die Nasionale Veldram projek.

Graag wens ek vir Boemie en Jacolette Saaiman baie geluk en sterkte toe. Boemie en Jacolette is die 6de Desember 2017 getroud. Boemie boer nie toevallig met die vrugbaarste ras nie, hy glo ook in suksesvolle teling. Daarom wil ek in dieselfde asem julle baie gelukwens met die pienkvoet wat op pad is.

John-William het ook op die 17de Maart besluit dat twee beter is as een. Baie geluk Johny en Anli met julle troue.

Ek wens u alle sterkte en voorspoed toe vir die herfs seisoen wat voorlê.

Groete

PW van Heerden